Graad 9

Die Cape Town Holocaust & Genocide Centre bied met graagte agt (8) leseenhede aan wat die volgende Graad 9 KABV (CAPS) onderwerpe dek:

Mislukking van die Weimar Republiek van Duitsland, die opkoms van Nazi-Duitsland, aanvang van die Tweede Wêreld-oorlog in Europa, die Holocaust, mense se ondervindinge en weerstand

Eenheid 4

- Mense se ondervindinge: Waarom was die Jode uitgesonder?

Teen die einde van die eenheid behoort leerlinge bekend te wees met:

1. Die term: Antisemitisme
2. Hoe die Christelike kerke en gemeenskappe Jode beskou het
3. Hoe anti-Joodse opinies verander met gebeure in die samelewing

Volgens die Nazi's het die Joodse mense Joodse bloed gehad. Dit was glo die slegste soort bloed.

Wat beteken dit om Joods te wees?

Iemand wat Joods is, volg die Joodse geloof: Judaïsme. Jy beoefen die tradisies en rituele van die geloof.
Wanneer jy 'n Christen is, volg jy die bepalings en tradisies van die Christelike geloof.
Wanneer jy 'n Moslem is, volg jy die rituele en tradisies van Islam.

Ongeag of jy 'n toegewyde volgeling is, jy identifiseer met die betrokke geloof.

Antisemitisme – die oudse hart

- A besondere **rassistise hart** wat Joode as 'n ras i.p.v. 'n geloofsgroep voorstel en beskou
- Sien Joodse slegs in 'n **negatiewe** lig
- Versprei propaganda en inligting wat Joodse wat mense afkraak en bedreig

Antisemitisme:

Alhoewel ons antisemitisme as 'n rassistiese haat beskryf, was dit eerstens 'n haat gemik teenoor Jode en die Joodse geloof.

Vandag bestaan die haat teenoor die Joodse geloof en die volgelinge daarvan nog steeds.



Jode = een God

- Voor die geboorte van Jesus, in die gebied vandag bekend as Israel and Palestinië, was Jode vervolg omdat hulle slegs een God aanbid het
- Dit het die Romeine, wat in beheer was, baie kwaad gemaak. Hulle het talle afgode aanbid en die Romeinse keiser het himself as 'n afgod beskou
- Jesus was gebore as 'n Jood,hy het gelewe en gepreek as 'n Jood. Hy het beide die Romeine en Jode toegespreek met sy preke
- Omdat hy alle mense aangespreek het , het hy die woede van die Joodse priesters sowel as die woede van die Romeine op die hals gehaal. Die Romeine het beveel dat hy gekruisig moet word. Die Jode het nie die mag gehad om dit te doen nie
- Jesus het gesterf as 'n Jood



Romeine = talle afgode

Gedurende die 4de eeu verklaar Keiser Konstantyn die **Christelike geloof as die staatsgeloof van die Romeinse Ryk.**
Die Romeinse burgers glo nou dat die Joodse geloof deur Christenskap vervang is en dat alle mense nou volgelinge van die Christelike geloof moet word

- Die Jode het Jesus egter nie as die seun van God aanvaar nie. Hulle glo ook nie dat Jesus die Messias, wat vrede op aarde sou bring, is nie
- Vir die Jode is daar slegs **een God.** Die Romeine blameer die Jode vir die dood van Jesus. Hulle beweer dat slegs die duiwel Jesus sou vermoor
- Die valse teorie dat die Jode die duiwel was, word deur die kerke versprei en voorgestel in kunswerke
- Die bygaande skets beeld 'n Jood uit as die duiwel met horings en 'n stert

An early (13th century) illustration of Jews wearing pointed hats in accordance with the order by Pope Innocent III at the Lateran Council of 1215

- Die Jode word as buitestaanders behandel en vermy
- Hulle was voortdurend onder druk geplaas om tot die Christelike geloof te bekeer
- Indien hulle geweier het, was hulle uitgesluit van talle beroepe en aktiwiteite in die gemeenskap. Een van die min dinge wat hulle kon doen was om geld te leen aan Christene. Ander Christene het die geld aan die Jode verskaf
- Die Christelike kerk het hul volgelinge verbied om geld teen 'n rentekoers te leen. Hulle gebruik dus die Jode as tussenganger sodat hulle rente kon ontvang
- Die **stereotipering** van Jode as geldgierig het hieruit ontstaan.
- Jode was ook gebruik as die **sondebok vir baie tragiese gebeure** gedurende die Middeleeue
- Hulle was gedwing om sekere tipe hoede te dra om hulle as Jode te identifiseer

'n Voorbeeld waar Jode as 'n sondebok gebruik was in die Middeleeue in Europa:

- Die builepes, versprei deur vlooie wat op rotte aan boord van skepe gevind was, het mense gebyt en miljoene het hiervan gesterf
- Omdat mense geen idee gehad het hoe hierdie siekte versprei het nie , het hulle die Jode geblameer vir die verspreiding en sterftes
- Hulle het die Jode valslik beskuldig van die vergiftiging van hul water in putte en geglo dat die plaag as gevolg van dit versprei en miljoene mense se dood veroorsaak het
- Duisende Jode was aangeval en vermoor.Hulle was ook uitgedryf uit baie lande en stede in Europa gedurende die Middeeeue



<u>Die Kruistogte,uitgevoer tussen die 11de en 13de eeu</u>, gebeur wanneer Christene optrek na die Heilige Land om dit van die Moslems te bevry. Op pad soontoe wou hulle ook alle Moslems en Jode tot die Christelike geloof bekeer.

Baie Moslems en Jode wat geweier het om te bekeer is vermoor



Die Spaanse Inkwisisie <u>(1478 -1765)</u>

Jode en Moslems in Spanje was gedwing om tot die Christelike geloof te bekeer

Indien hulle geweier het, was hulle gemartel en op die brandstapel tot die dood verbrand

Met die Amerikaanse en Franse rewolusies fokus die bevolking op die hervorming van die staat. Hulle beweeg weg van die kerk en geloofsoortuigings

- Gedurende die Tydperk van Verligting, voer die filosowe en denkers aan dat **almal, insluitende die Jode**, **gelyke regte moes hê**
- Jode moes ook geloofsvryheid, soos alle ander burgers, geniet

Jode geniet meer regte, volgens wet, na die rewolusies. In die 19de eeu ontstaan die valse teorie van ras egter en die idee dat mense verskillende bloed het, word versprei.

- Daar word nou beweer dat Jode ‘n verskillende ras is en nie ‘n godsdienstige groep nie.
- Die opkoms van rassistiese, anti-Joodse bevooroordeeldheid versprei verder
- In die 20ste eeu, wanneer die Nazi’s aan beheer kom in Duitsland, gebruik hulle geloof, sosiale en rassistiese antisemitisme, gebaseer op Joodse bloed, om hul ideologie te bevorder

VRAE

1. Verskaf een rede waarom jy dink Jode nie tot die Christelike geloof wou bekeer nie?

2. Verskaf ‘n voorbeeld waar die Joodse gemeenskap as ‘n sondebok gebruik was en verduidelik waarom dit gebeur het.

3. Dink jy dat daar iets bestaan soos ‘’Joodse’’ bloed, of ‘’Christen’’bloed, of ‘’Moslem’’ bloed? Verskaf ‘n rede vir jou antwoord.

4. Dink jy dat geloofsvryheid belangrik is? Hoekom dink jy so?

ADDISIONELE HULPBRONNE

Cape Town Holocaust & Genocide Centre:
http://ctholocaust.co.za/

Cape Town Holocaust & Genocide Centre YouTube:
https://www.youtube.com/channel/UCwVBUs5VqvsumuwDdzYIAaQ

Yadvashem.org
https://www.yadvashem.org/odot_pdf/Microsoft%20Word%20-%205742.pdf

ushmm.org
https://www.ushmm.org/antisemitism/what-is-antisemitism